**In die Skriflig / In Luce Verbi**
ISSN: (Online) 2305-0853, (Print) 1018-6441



# ʻn Reisjoernaal vir geestelike navigasie

**Book Title:**
ʼn Reisjoernaal vir geestelike navigasie

**Book Cover:**




**Authors:**
Francis Chan
Eugene Peterson
Bill Hybels

**ISBN:**
978-1-4316-1268-0

**Publisher:**
Christelike Uitgewersmaatskappy, 2015, R149.95*
*Book price at time of review

**Review Title:**
ʼn Reisjoernaal vir geestelike navigasie

**Reviewer:**
E.J. Steyn[1]

**Affiliation:**
[1]Die Gereformeerde Vroueblad, South Africa

**Corresponding author:**
E.J. Steyn,
cobiesteyn@live.com

**Read online:**
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

*Waarheen is jy op pad?* is ʼn bundel met 13 bydraes deur (hoofsaaklik Amerikaanse) teoloë uit verskillende denominasies. Inleidend word dit duidelik gemaak dat elke gelowige graag wil weet wat sy of haar lewenspad vorentoe inhou, maar vir ʼn mens se lewensreis kry jy ongelukkig nie ʼn GPS-eenheid met ʼn ʻblou roetemerker' (bl. 7) nie. Dit is die Here wat ʼn mens se lewensrigting bepaal en daarvoor kry jy *riglyne* slegs uit die Woord. Daarom noem die skrywers die boek ʻ... ʼn reisjoernaal, met idees en hulp oor hoe om die lewe te navigeer' (bl. 9).

Derhalwe word reisterme gebruik om die verskillende dele van die boek aan te dui: ʻPadwaardig' (dl. 1); ʻNoodsaaklike herstelwerk' (dl. 2); ʻVerspoelings en ompaaie' (dl. 3); ʻReis lig' (dl. 4) en ʻVersiende visie' (dl. 5). Elke deel bestaan uit ʼn paar hoofstukke wat die betrokke tema belig (met elke hoofstuk telkens deur ʼn ander outeur). Aanvanklik het ek gewonder of 13 verskillende outeurs eenheid van gedagtegang en skryfstyl sou kon bewerkstellig, maar alles skakel naatloos ineen.

Omdat die boek uit ʼn teologiese oogpunt geskryf is, sal dit in die eerste plek handig te pas kom vir predikante. Slegs enkele sake word uitgelig (daar is egter baie meer):

- leierskap in jou gemeente;
- die kerk wat enersyds té veel na binne gekeer en veroordelend is, en andersyds soms té akkommoderend teenoor die wêreld is;
- die behoefte by die predikant ʻom ander mense te beheer en te behaag' (bl. 62) wat in ʼn selfvernietigende obsessie kan ontaard;
- om versigtig met jou woorde om te gaan in jou bediening;
- hoe om lyding in jou eie lewe te verstaan en te hanteer sodat jy nie ʻkwaad, bitter en vreugdeloos' (bl. 120) sal raak nie, maar jou eie pyn só sal hanteer dat jy in staat sal wees ʻom God se waarde te demonstreer vir ʼn wêreld wat toekyk' (bl. 118);
- om in slegte situasies ʻwonderlike geleenthede' (bl. 137) te sien en te besef God gebruik dit tot sy eer;
- om gereeld te rus om so ʻgeestelike en emosionele leegheid' (bl. 158) uit te skakel;
- om eenvoudig te lewe en tevrede te wees met wie jy is en wat jy het; en
- om daarna te streef om ʼn geestelike mentor vir lidmate te wees en hulle te begelei na ʻgeestelike volwassenheid' (bl. 189 e.v.).

Die boek kan ook aanbeveel word vir enige gelowige wat ʼn begeerte het na geestelike verdieping. Die lidmaat wat hierdie boek lees, sal ook insig bekom oor die dinge waarmee predikante worstel en wat in hulle harte leef.

Op ʼn paar plekke kon van die temas meer Skrifgefundeerd gewees het, byvoorbeeld op bladsy 41 (dl. 1, hfst 3) is die titel ʻVermy kulturele besmetting' ʼn ongelukkige keuse vir ʼn hoofstuk wat handel oor die identiteit van die kerk en die behoud van hierdie unieke identiteit in ʻʼn gekompromitteerde wêreld'. In die voorbeelde van Jona, Ester en Daniël wat daarna volg, word kategoriese stellings gemaak, byvoorbeeld dat ʻJona se teologiese familie die Fariseërs was' en Ester sʼn ʻdie Saduseërs' (bl. 47). Die lyn tussen verskillende Skrifgedeeltes word nie behoorlik deurgetrek nie. Dus word die onderskeie Skrifgedeeltes nie volgens elkeen se eie aard hanteer nie en ongeldige vergelykings word getref.

Wanneer een van die medewerkers, Gordon MacDonald (dl. 4, hfst. 13), praat oor die noodsaaklikheid van rus, maak hy baie gewag van die Sabbat en hoe die hedendaagse belydende Jode soos Herman Wouk en Joseph Lieberman daaroor dink. Hoewel baie waarheidsmomente oor noodsaaklike rus vir die gelowige na vore kom, is daar ʼn gemis aan die bybelse begronding daarvan, naamlik dat God die rus reeds by die skepping ingestel het; dat die sondeval ons ʻrus

**How to cite this book review:** Steyn, E.J., 2016, ʻʼn Reisjoernaal vir geestelike navigasie', *In die Skriflig* 50(1), a2111. http://dx.doi.org/10.4102/ids.v50i1.2111

**Copyright:** © 2016. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

kom versteur het', maar dat ons die ewige rus in Christus verkry het. Die Hebreërbrief (vgl. hfst. 4) kon hier 'n sterk rugsteun gewees het.

Wanneer Mark Buchanan praat oor die strewe na 'n eenvoudige lewe (dl. 4, hfst. 14), is daar van pragtige ondersteunende Skrifgedeeltes gebruik gemaak, maar dit kon nog sterker uitgebou gewees het deur Paulus se '... ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp' (Fil 4:11, vgl. ook vers 12) by te werk.

In deel 5 (hfst. 15) spekuleer Gordon MacDonald wie Jesus se rabbi sou wees tydens sy jeug (vgl. bl. 194) en spekuleer verder dat sy 'ma 'n diepgaande invloed op sy ontwikkeling' moes gehad het en ''n sterk en intelligente vrou' (bl. 195) was – dit alles, terwyl die Skrifbegronding dat Jesus van kleins af God én mens was en dus ook vervul is met die Heilige Gees en sy wysheid en toerusting, myns insiens, primêr van die God die Vader en die Heilige Gees kry, glad nie genoem word nie.

Daar is heelwat meer plekke wat roep om duideliker Skrifgronde.

Tog raak die boek praktiese sake oor die gelowige se oppad-wees deur die lewe aan; laat dit jou dink en wéér dink en stimuleer die lees daarvan jou om verder en dieper in die Skrif te gaan delf oor hierdie lewenswerklikhede.